Kanselier
191. T. 7 (107)

GRADEDAGPLEGTIGHEID

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

10 MAART 1983

1. PERSOONLIK - my eerste geleentheid; waardering en hulde aan voorgangers, veral onmiddellike voorganger, mnr. B.J. Vorster.

2. GELUKWENSING - studente (gediplomeerdes en gegradueerdes); ouers; dosente.

3. BETEKENIS VAN DIPLOMAS EN GRADE

In die lewe van elkeen van die betrokke studente is die verkryging van 'n diploma of graad 'n belangrike gebeurtenis. Dis vandag die bekroning van werk van 'n aantal jare. Dis 'n paspoort tot 'n lewe van vrugbare arbeid vorentoe, 'n toegangsbewys van 'n tydperk van voorbereiding en vorming na die werksaamhede van die gewone lewe.

Maar dis van meer belang om daarop te let wat die Universiteit met die toekenning van sy diplomas en grade wil sê. Hy wil sê dat die betrokke studente sekere studiekursusse met welslae deurloop het, dat hulle kennis opgedoen en insigte verkry het, en dat hulle deur hul studie hul karakter versterk en persoonlikheid ontwikkel het. Die Universiteit wil nie sê dat hulle nou "volleerd" is nie; inteendeel, die Universiteit wil juis aan hulle sê dat ondanks hul kennis in sekere rigtinge, daar nog oneindig veel oorbly waarvan hulle weinig of niks weet nie. Immers, dis die taak van die Universiteit om, te midde van studie en navorsing, by sy mense regskapenheid en beskeidenheid van gees te voed.

Die kern van wat die Universiteit met sy diplomas en grade wil sê, is dat hy aan die betrokke studente sy waarmerk gee. Die Universiteit verklaar dat hy vertroue in hulle het, vertroue dat hulle geestelik toegerus is om in die groot maatskappy, en in bepaalde gemeenskappe, uit te gaan om daar op plekke te gaan staan waar hulle eerlik en opreg hul mense kan dien. Dis 'n waarmerk wat die Universiteit met vertroue toeken; 'n waarmerk wat aan die ontvangers 'n onontwykbare verantwoordelikheid oplê.

4. TAAK IN ONS TYD

Juis vandag het hierdie waarmerk van die allergrootste betekenis geword. Ons leef in ŉ tyd waarin daar ernstige pogings aangewend word om ŉ nuwe Suid-Afrika te bou. Die tyd het nie stilgestaan nie, en groot en diepgaande veranderinge het in ons land en onder ons mense plaasgevind. Ons moet vir ons rekenskap gee of wat ons gedoen het en nog doen, reg en goed is.

Dit was wyle dr. D.F. Malan, in lewe Kanselier en groot vriend van ons universiteit, wat met betrekking tot ons nie-blankevraagstuk by geleentheid gesê het: Hierdie vraagstuk staan nie stil nie; hy verander voortdurend; en ons moet soms gaan stilstaan en vir ons afvra of dit wat ons gister gedoen het, vandag nog reg is. Wat dr. Malan hier gesê het, is per slot van rekening wat vandag op verskillende terreine gedoen word. En dis goed en noodsaaklik dat dit gedoen word, want die grondwaarheid geld nog altyd: Wie, of wat, by radikaal veranderde omstandighede nie kan aanpas nie, of hy mens of dier of plant is, sal uiteindelik sterf.

Ons besef nie genoegsaam die groot en enorme geestesaktiwiteit wat in ons tyd ingespan word om ŉ gesonde toekomsbestel vir Suid-Afrika te vind nie. Ons staan te naby daaraan; ons het nie die perspektief nie; hulle wat later kom, ná vyftig jaar, honderd jaar, hulle sal dit miskien duideliker sien; en met behulp van hul historiese perspektief ook duideliker kan evalueer.

Die Universiteit het rede om vandag aan sy gediplomeerdes en gegradueerdes te sê: U het die waarmerk ontvang; gaan uit, neem die hande van diegene wat met diepe oortuiging aan die nuwe Suid-Afrika bou, en lewer met geesdrif en toewyding ŉ positiewe bydrae.

Dit is só dat die pad nie maklik is nie - en vorentoe miskien nog moeiliker sal word. Ons weet dat groot moeilikhede vir ons wag. Maar laat ons nie bang word nie. Laat ons die gees

van 'n generaal C.R. de Wet openbaar, wat, toe van sy burgers kleinmoedig geword en oor moeilikhede gekla het, lakoniek geantwoord het: Ek weet - maar moeilikhede is daar om opgelos te word.

Vorentoe dan, nie in 'n gees van grootpratery nie, maar van stille Godsvertroue. Dan word die moeilike taak van die toekoms tegelyk 'n Godgegewe geleentheid. En dan mag, wie weet, diegene wat ná ons kom, ons nie bejammer nie maar ons beny, juis omdat ons in hierdie tyd geleef het.

Die Universiteit het volle vertroue dat die bekroondes van vandag aan sy waarmerk sal getrou bly; en ons oud-studente dwarsoor die land het vertroue dat diegene wat nou by hul range gaan aansluit, sy aan sy met hulle sal kom staan.

Dis op die kwaliteit van sy mensemateriaal dat die Universiteit van Stellenbosch gebou is; dis daardie selfde kwaliteit wat sal moet help om die ryke potensiaal van 'n beloftevolle toekoms ruimskoots te realiseer.

STELLENBOSCH

<u>PROF. H.B. THOM</u>

10 Maart 1983